IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

( APPèLAFDELING )

In die appèl tussen:

MICHAEL STEVENS ...........1ste appellant

en

DOROTHY BOOYSEN ...........2de appellant

versus

DIE STAAT ..................respondent

Coram: Corbett, Kotzé *et* Viljoen ARR

Verhoor op: 10 Mei 1985

Uitspraak op: Mei 1985

---

U I T S P R A A K

CORBETT AR:

Die twee appellante, Michael Stevens (eerste appellant) en Dorothy Booysen (tweede appellant), het voor MARAIS Wn R en twee assessore in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale

/ Afdeling............

Afdeling op aanklagte van moord en roof tereggestaan. Dit is in die klagstaat beweer dat hulle (1) op 23 September 1983 en te Welgemoed ene Louise Adams wederregtelik en opsetlik gedood het en (2) op dieselfde datum en plek Louise Adams van 'n hoeveelheid klerasie beroof het. Die eerste appellant (wat beskuldigde no 1 in die hof benede was) het onskuldig op die eerste aanklag (moord) gepleit, maar skuldig op die tweede aanklag (roof). Eerste appellant het verder t.o.v. die eerste aanklag 'n pleit van skuldig aan strafbare manslag aangebied en terselfdertyd 'n geskrewe verklaring ingevolge art. 112 van die Strafproseswet 51 van 1977 ingehandig. Tweede appellant het onskuldig op die aanklag van moord gepleit maar skuldig op die aanklag van roof, en het geen verklaring ingevolge art. 112 gemaak nie.

Die verhoorhof het beide appellante skuldig aan moord en aan roof bevind. Die hof het verder bevind dat appellante geen versagtende omstandighede m.b.t. die moord bewys het nie.

/ Wat...............

Wat die roof betref, is eerste appellant tot vier jaar gevangenisstraf en tweede appellant tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis. Met die verlof van die verhoorregter kom die appellante in hoër beroep teen die bevinding dat geen versagtende omstandighede by die pleging van die moord aanwesig was nie en teen die doodvonnis wat gevolglik opgelê is.

Die feite wat ten tyde van die verhoor bewys is, kan kortliks soos volg saamgevat word. Die slagoffer van die moord, Louise Adams ("die oorledene"), was in lewe 'n huisbediende en het 'n kamer op die perseel van haar werkgewer bewoon. Op Saterdag 24 September 1983 is oorledene dood in haar kamer aangetref. Sy het op haar bed gelê en het nagklere aangehad. Daar was 'n styfgetrekte skoenveter om haar nek en 'n kopdoek wat om haar mond vasgebind was. Haar mond was ook met drie stukkies lap toegestop. Die kamer was in wanorde. Klerehangers en

/kledingstukke.....

kledingstukke het orals gelê. Volgens die dokter wat die lykskouing uitgevoer het, is oorledene dood as gevolg van verwurging. Die veter was baie styf getrek en vasgeknoop.

Die twee appellante wat in Manenberg as man en vrou saamgeleef het, is op 2 Desember 1983 gearresteer. In hulle slaapkamer is 'n hoeveelheid klerasie gevind wat die eiendom van die oorledene was. Op dieselfde datum het elkeen van die appellante 'n verklaring gemaak. Die toelaatbaarheid van hierdie verklarings is nie in geskil geplaas nie. Die tersaaklike gedeelte van eerste appellant se verklaring wat voor Landdros Neethling afgelê is, lui soos volg:-

> "Ek kan meneer so vertel, meneer. Ons was twee stuks gewees. Toe gaan ons na daardie vroumens toe. Ek kan nie sê wat voor dit tussen die twee vroumense gehappen nie. Toe was ek en Dorothy by daardie vroumens se kamer gewees. Sy het altyd gesels saam met daardie vroumens. Dorothy het vir my in kennis gestel met daardie vroumens. Toe sê

/ sy..............

> sy vir my ek is haar boy friend. Toe daarvandaan het ons aaneen gesit en gesels by daardie vroumens. Met die tyd toe ons gesels het en toe weet ek nie wat kon gehappen het nie - so die aand so 9 o'clock - slapenstyd, toe sê Dorothy vir my sy voel om hierdie vroumens te vermoor. Toe sê Dorothy ek moet haar help met die moord pleeg. Ek het haar gehelp en al die klompie moeite gevat om vir haar oorlede te kry. Ek het die vroumens se gorrel met pantihose gebind. Ek trek dit toe styf tot sy nie kon asem kry nie en na sy oorlede is toe het Dorothy 'n paar stuks goete gevat van haar en daarmee het ons weggegaan. Dis maar al."

Tweede appellant het in haar verklaring wat voor kapt. Loubser van die Suid-Afrikaanse Polisie afgelê is, die volgende gesê:

> "Ek ken vir haar. Ons het vir haar gevra vir slaapplek. Ons het op die grond geslaap meneer. Sy het op die bed gelê en slaap. Sy het die lig afgesit. Sy het geslaap al meneer, toe lê ons twee en gesels nog toe besluit ons ons gaan haar dood maak meneer, dan gaan ons haar geld vat en goed. Dis nie dat ons wreed gewees het nie meneer. Toe wurg ons haar meneer, ek en hy altwee. Sy was seker nog bewusteloos toe skop sy nog toe vat my boy friend 'n veter.

/ Ek het.........

> Ek het hom nog gehelp meneer om haar vas te hou. Toe ons haar klaar vasgemaak het, die nek meneer met die veter, ek kan nie onthou, die hande, waarmee ons dit vasgemaak het. Toe het ons die lig aangesit en die goed in die suitcase ingepak. My goed was ook by, dit was in die sak gewees. Toe ons klaar die goed ingepak het, toe maak ons net die deur toe; toe loop ons meneer.
>
> Vraag: Is daar nog iets wat jy wil byvoeg Dorothy?
>
> Antwoord: Ek weet nie hoekom ons dit gedoen het nie. Ek sien nie die nodigheid nie. Ek het nog nooit iemand seergemaak of so nie. Ek is nie 'n mens wat sulke dinge aanvang nie meneer. Ek kon nie rus daarna nie. Ek het gevoel om myself ook te vermoor."

Na sluiting van die Staat se saak, het eerste appellant sy saak gesluit sonder om te getuig of ander getuienis aan die hof voor te lê. Tweede appellant het egter getuienis gegee. Sy het beskryf hoe sy en eerste appellant op 23 September 1983 saam Durbanville toe is en hoe hulle vir die oorledene daar raakgeloop het. Sy en oorledene was vriende gewees. Hulle het "saam danse geloop". Die oorledene het hulle na haar kamer toe genooi om 'n koppie koffie te gaan drink. Dit was tussen drie-uur en half-vier toe hulle daar aankom. Tweede appellant

/ het............

het verder vertel van 'n stryery en 'n bakleiery tussen haar en die oorledene oor sekere geld wat eerste appellant uit haar handsak vermis het en hoe eerste appellant tussenbei getree het en die oorledene eers met die hand en toe met die veter "gechoke" het. Toe die oorledene "stil lê" het tweede appellant van oorledene se klere gevat ("om te verkoop om my geld in te kry") en in 'n koffer gepak. Daarna het sy en eerste appellant geloop. Sy het die koffer saamgeneem.

Op grond van eerste appellant se bekentenis, sekere antwoorde wat hy gegee het toe hy oorspronklik ingevolge art. 119 van die Strafproseswet 51 van 1977 in die landdroshof ondervra is en tweede appellant se getuienis is eerste appellant aan moord skuldig bevind. Wat tweede appellant betref het die verhoorhof die skuldigbevinding aan moord hoofsaaklik op haar bekentenis gefundeer. In die mate dat haar getuienis nie met haar bekentenis versoenbaar was nie het die verhoorhof die getuienis verwerp. Die skuldigbevinding aan roof is in beide gevalle op die appellante se pleite van skuldig gebaseer.

Na skuldigbevinding het eerste appellant getuienis ter versagting afgelê. Hy het getuig dat hy 24 jaar oud is en dat hy feitlik geen skoolopleiding gehad het nie. Voordat hy gearresteer is, het hy as messelaar in die boubedryf gewerk en ongeveer R70,00 per week verdien. Hy het beweer dat hy op die dag van die voorval een "pyp" dagga, gemeng met Mandrax, gerook het. Dit het om en by agtuur in die oggend plaasgevind. Hy is deur sy advokaat gevra hoe hy daarna gevoel het:

> "Kan u vir die Hof sê, asseblief, watter uitwerking het daardie pyp op u gehad?-- Hoe het u gevoel nadat u gerook het?-- Daarna het ek gevoel Meneer dat my kop draai.
>
> Vir hoe lank het u kop gedraai?-- Dit was omtrent die hele dag, Meneer."

Die oorledene is tussen tienuur en elfuur in die aand vermoor. Hy is gevra (nog steeds in hoofverhoor):

> "En hoe het u gevoel voordat u die oorledene vermoor het?-- Ek het nie gevoel om daardie dinge te doen nie.
>
> Hoekom het u daardie ding gedoen?--

/ Waarom...............

> Waarom daardie meisiekind vir my gesê het ek moet saam met haar staan.
>
> En in daardie stadium het die dagga en die mandrax enige uitwerking op u nog gehad of nie?-- Dit was nog in my breins gewees, U Edele.
>
> Hoe het u brein gevoel? Hoe het u gevoel?-- Na daardie, Meneer, niks nie Meneer. Na daardie het die moord ge'happen', toe kon ek nie dink by myself wat het ek gedoen nie."

Onder kruisondervraging het eerste appellant toegegee dat hy vir die afgelope elf jaar dagga gerook het. Hy is verder ondervra oor die uitwerking wat die dagga op hom gehad het:

> "En een ou pypie vroeg in die oggend wat jy gerook het, al is hy ook gemeng met mandrax, kan nie meer in die middag jou kop dronk maak nie of in die aand tienuur, soos jy vertel vir ons, toe jy die vrou vermoor het nie. Daardie dagga het nie meer uitwerking op jou gehad nie. Is dit nie reg so nie?-- Ja Edelagbare, dit is reg so.
>
> Besef jy wat ek vir jou vra? Ek sê vir jou daardie dagga het nie meer 'n uitwerking op jou gehad nie. Jy het dit vroeg in die oggend gerook. Daardie ding wat jou kop dronk gemaak het was lankal verby gewees toe die moord plaasgevind het. Is dit nie so nie?--

/ Ja my ...........

> Ja my Agbare, maar my breins was nie honderd persent nie.
>
> Waarvan was jou breins nie honderd persent nie?-- Waarom die dagga in my breins gewerk het."

Eerste appellant het beweer dat terwyl hulle die aand gelê en gesels het, het tweede appellant vir hom gesê dat sy besluit het om die oorledene te vermoor. Hy het toe ingestem. Sy het hom gehelp om die oorledene te verwurg deur haar vas te hou.

Tweede appellant het ook getuienis ter versagting afgelê. Sy het toe met 'n nuwe weergawe vorendag gekom, nl. dat nadat die oorledene aan die slaap geraak het, eerste appellant vir haar gesê het dat hulle oorledene moet doodmaak en dat hy daarna in die "Witmense se huis" wil gaan om te kyk of daar 'n "safe" (blykbaar 'n kluis) is. Sy het ingestem omdat sy bang was. Eerste appellant het haar beveel om oorledene se hande vas te hou terwyl hy haar verwurg het en sy het hom gehoorsaam.

/ Na..............

Na afloop van die getuienis ter versagting is die saak op aansoek van die verdediging uitgestel sodat 'n psigiatriese verslag en 'n proefbeampteverslag m.b.t. die appellante verkry kon word. Dit is gedoen. By die hervatting van die verhoor het dr Zabow, hoofpsigiater te Valkenberg Hospitaal, en die proefbeampte, mej Kotze, getuig.

Wat eerste appellant se geestesontwikkeling ("intellectual development") betref het dr Zabow gesê:

> "...... clinically the assessment of his intellectual level is of the lower limits of normal intelligence. He has had virtually no education and remains illiterate but he is capable of activity at labourer level."

Met betrekking tot appellant se gebruik van dagga gemeng met Mandrax en die uitwerking wat dit ten tyde van die moord op hom sou gehad het, het dr Zabow soos volg getuig:

> "Again I think commenting in completely general terms that any form of intoxicant could theoretically have some effect but, again, this is dependent on the circumstances in which the drug is taken and

/ the.............

> the individual's vulnerability. The account that I have is that he is a regular user of dagga and probably for that reason the disinhibition by the preparation is probably less than significant."

Later, onder kruisondervraging deur die Staat, het hy gesê:

> "..... he was able to give a very detailed sequential account and my impression was that, even if there was influence of dagga at that time, it was probably rather mild and minimal."

Namens die appellante is verskillende faktore ter versagting van die moord ter oorweging gegee. Die verhoorhof het hierdie faktore oorweeg. Eerstens is verwys na die jeugdigheid van die appellante. Ten tyde van die moord was eerste appellant 23 jaar en 7 maande oud en tweede appellant 21 jaar en 8 maande. Die verhoorhof het bevind:

> "Hulle ouderdom is nie na die Hof se mening sodanig dat dit die pleging van hierdie moord minder moreel laakbaar maak nie. Hulle het albei etlike jare gelede die skool verlaat en sorg reeds vir 'n geruime tyd vir hulself as volwassenes. Van jeugdige onrypheid kan dan hier geen sprake wees nie."

/ Die ...........

Die verhoorhof het ook aandag gegee aan die vraag of daar enigiets in appellante se persoonlike geskiedenis en algemene agtergrond was wat die morele laakbaarheid van hulle misdaad verminder het maar tot die slotsom gekom dat daar in hierdie opsig niks buitengewoons was nie. Daar was ook geen bewys van enige psigiese of geestelike tekortkoming nie. Wat die gebruik van dagga en Mandrax deur eerste appellant betref, het die hof bevind dat eerste appellant nie daarin geslaag het om te bewys dat dit hom "tot enige wesenlike mate beïnvloed het toe hy die oorledene later dieselfde aand gewurg het nie".

M.b.t. die appellante se "wedersydse beskuldigings van beïnvloeding" om die misdaad te pleeg, het die hof bevind dat dit onmoontlik was om te sê wie se verhaal hieromtrent die waarskynlikste was.

T.o.v. die betoog dat die misdaad nie voorbedag was nie, het die hof hom soos volg uitgelaat:

/ "Dit..........

> "Dit is waar in die sin dat dit nie dae vantevore beplan is nie, maar die feit bly staan dat dit beplan is. Dat dit dieselfde aand beplan is, is nie na die Hof se mening 'n versagtende omstandigheid nie."

Na oorweging van hierdie faktore, een vir een en kumulatief, het die hof beslis dat die bestaan van versagtende omstandighede nie bewys is nie.

Met hierdie bevinding kan daar, m.i., nie fout gevind word nie. Die betoë op appèl van appellante se advokate het inderdaad neergekom op 'n herhaling van die submissies wat aan die verhoorhof voorgedra is en wat die verhoorregter in sy uitspraak oorweeg het. Die advokate kon geen werklike mistasting in die uitspraak uitwys nie. Daar was ook klaarblyklik geen onreëlmatigheid in die verrigtinge van die hof a quo nie. Om te slaag moet die appellante dus hierdie hof oortuig dat geen redelike hof kon

/ bevind..........

bevind het dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Ek is nie so oortuig nie. Die appellante het 'n wrede, koelbloedige moord gepleeg op 'n slapende slagoffer wat niks hoegenaamd gedoen het om so 'n verskriklike lot te verdien nie. Die appellante was gaste wat sonder enige rede (benewens blykbaar hulle eie gewin) hulle gasvrou in haar eie slaapkamer vermoor het. Daar is m.i. niks in die omstandighede van hierdie misdaad of in die persoonlike omstandighede van die appellante wat hulle morele verwytbaarheid verminder nie.

Die appellante se appèlle word afgewys.

M M CORBETT

KOTZé AR)
VILJOEN AR) STEM SAAM.